PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 6 van 2024

AAN : **ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE**

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

AFTREESESSIES: WINTER 2024

Dit is weer tyd om aftreesessies te hou vir daardie lede wat binne vyf jaar van aftrede is soos op 1 Julie 2024. Die beplanning was aanvanklik om lede uit te nooi wat tien jaar voor aftrede staan maar die lys was eenvoudig te lank om almal te kon akkommodeer.

Daar is altesaam vyf sessies waarvan een ‘n Zoom sessie sal wees vir daardie lede wat nie een van die datums kan inpas nie. Die plekke en datums is soos volg:

1. 25 Julie **(Pretoria)** Koinonia, NG Lynnwood (Sussexlaan 439, Lynnwood)
2. 26 Julie **(Johannesburg)** Hoëveld Sinode Sinodale Sentrum (Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kempton Park)
3. 29 Julie **(Potchefstroom)** NG Grimbeekpark (H/v Zeederberg- en Lupinestraat, Grimbeekpark)
4. 30 Julie **(Middelburg)** NG Middelburg-Suid (H/v Kogel- en Samora Machelstraat, Middelburg
5. 31 Julie **Zoom** sessie (lede wat wil bywoon moet my per epos in kennis stel sodat hulle uitgenooi kan word).

Ek het aan elke sinode ‘n lys voorsien van lede wat binne vyf jaar van aftrede is. Indien u meen u sal baat vind by een van die sessies en u naam is nie op die lys nie, is u welkom om ook by te woon.

Die naamlys bevat beide predikante en amptenare en dit maak nie saak nie omdat ons elke groepering kan akkommodeer. Ek moes egter die name van lede uithaal wat die aanbiedings in een van hul eie tale sou wou ontvang. Ons sal apart met hulle kommunikeer.

Dit sal gaaf wees indien u kan aandui of u een van die sessies sal bywoon sodat ons die sitplek- en ander reëlings kan tref.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER